

23 November

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-34**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-6**

### **Christus se werke is die basis van ware geloof**

Dwaalleer het 'n manier om vinnig veld te wen en mense afvallig te maak van die ware geloof. So is daar in die gemeente van Korinte die dwaling versprei dat die afgestorwenes nie liggaamlik met die wederkoms gaan opstaan nie. Hierdie dwaling kom waarskynlik van die heidense Griekse denke dat die liggaam nie eintlik nodig is vir die siel nie en nie weer kan lewend word nie. Slegs die siel kan weer lewend word. Paulus beveg die dwaling deur die gemeente te wys op dit wat Christus gedoen het en wat die basis van ware geloof vorm.

Hy som in vers 3 tot 6 die kern van die blye boodskap op soos hy dit aan die mense in Korinte verkondig het. Kort en kernagtig: 1. Christus het vir ons sondes gesterf. 2. Christus is begrawe. 3. Christus is opgewek. 4. Christus het aan baie mense verskyn as bewys dat hy waarlik liggaamlik opgewek is.

Hierdie vier punte vorm die basis van ware geloof. Paulus waarsku die lidmate dat indien hulle nie hieraan vashou nie, is hulle geloof leeg en waardeloos. As hulle aan iets anders vashou, kan hulle nie gered word nie. Redding gaan immers oor vergifnis van jou sonde sodat jy nie daarvoor deur God veroordeel kan word nie. Om ons van die oordeel van God te red, het Christus met sy offer aan die kruis betaal en versoening tussen jou en God bewerk.

Maar redding gaan ook oor meer. Dit handel oor Christus as Koning van die wêreld. Hy het Satan aan die kruis oorwin en Hy is begrawe en Hy het opgestaan uit die dood om daarmee sy mag oor Satan en die dood te bewys en so sy heerskappy te vestig. Sy opstanding is dan ook die waarborg dat ons eendag met die wederkoms liggaamlik sal opstaan om saam met Hom te wees.

Waraan hou jy in jou geloof vas? Daar is soveel dwalinge wat ook vandag ons van Christus as basis van die ware geloof wil aftrek. Daar is soveel wat stemme wat roep dat jy as mens ook nog 'n bydrae tot jou redding moet lewer. Daar word soveel voorwaardes gestel: jy moet jou laat groot doop, jy moet in onverstaanbare tale kan bid, jy moet profeteer, jy moet vas en jy moet nog sekere Ou-Testamentiese rituele en feeste onderhou as jy gered wil word. In die lig van ons teks moet ons vir mekaar sê: Hou maar net vas aan wat Christus Self vir jou gee. Sy verlossingwerk is die basis van ware geloof. Niks meer nie en niks minder nie.

Wanneer jy nog hieraan vashou en dalk wonder of daar dalk nie iets meer nodig is nie? Wees gerus: Wanneer aan jy Christus en sy werke vashou, het jy alles vir hierdie lewe en vir die lewe hierna – dit is die basis van ware geloof.

*Sing: Psalm 73-1:10, 12*

*Ds. P Venter (Potchefstroom-Oos)*